

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE PROSES VAN BOEDELBEREDDERING

Met al die erfopvolgingsplanne en ook 'n goedopgestelde testament in plek, sal die onvermydelike oomblik wel aanbreek wanneer een van die betrokkenes te sterwe kom, hetsy tydig of ontydig. Wanneer dit gebeur word 'n uiters tegniese proses aan die gang gesit wat ook soms baie omslagtig vir die oningeligte kan wees. Die bereddering van bestorwe boedels in Suid-Afrika word grootliks deur die Boedelwet van 1965 beheer en dit beskryf die prosesse wat gevolg moet word.

Aanmeld van die boedel en aanstelling van eksekuteur

Die Meester van die Hooggeregshof moet amptelik van die sterfgeval in kennis gestel word. Dit word gedoen deur die volgende dokumente aan die Meester voor te lê:

- 'n Sterfkennis;
- 'n Inventaris;
- Die testament;
- Die eksekuteur se aannemingsvorm.

Wanneer die Meester hierdie dokumente ontvang het, sal hy dit ondersoek en die geldigheid daarvan nagaan. Indien hy tevrede is, sal hy 'n eksekuteursbrief uitreik waarin die eksekuteur amptelik aangestel word. By ontvangs van hierdie brief neem die eksekuteur beheer oor die boedel en kan hy in 'n amptelike hoedanigheid begin om die boedel te beredder.

Die normale praktyk is dat die eksekuteur solank al die beskikbare en relevante inligting bymekaar sal maak terwyl hy vir die eksekuteursbrief wag. Die belangrikste hiervan is die vasstelling van die omvang van die bates en laste. Die hele aanmeldingsproses duur sowat drie tot vier weke.

Voorbereiding

By ontvangs van die eksekuteursbrief is die eerste amptelike taak van die eksekuteur die plasing van 'n kennisgewing in die Staatskoerant en ook plaaslike koerante. Daarin word die krediteure van die oorledene versoek om die eksekuteur binne 30 dae in kennis te stel van enige eise teen die boedel. Die eksekuteur kan intussen voortgaan met die waardasie van die vaste en roerende bates binne die boedel en sal ook die finale waarde van beleggings en polisse bekom.

Sodra al die inligting bekom is, moet die eksekuteur vasstel of daar genoeg kontant in die boedel beskikbaar is om al die verpligtinge na te kom. Indien dit nie die geval is nie, moet die eksekuteur van die bates verkoop om die kontanttekort aan te vul. Die verkoop van bates om die kontant aan te vul, lei gewoonlik tot uitgerekte onderhandelings met begunstigdes, afslaaers en ander betrokke persone.

Intussen moet die eksekuteur ook vasstel of daar enige inkomstebelasting of BTW deur die oorledene verskuldig was. Die Ontvanger is 'n voorkeur skuldeiser van die boedel.

Likwidasie en distribusie

Die doel van die voorbereiding is om 'n likwidasie- en distribusierekening (L&D-rekening) van die boedel op te stel. Die boedel moet gelikwedeer word (te gelde gemaak word) en die opbrengs daarvan moet onder die skuldeisers en erfgename versprei word. Die finalisering van die L&D-rekening kan enigiets van ses weke tot ses maande duur, afhangende van die ingewikkeldheid en omvang van die boedel. Die eksekuteur is volgens die boedelwet verplig om 'n L&D-rekening binne ses maande na die uitreiking van die eksekuteursbrief by die Meester in te dien, tensy hy vooraf vir uitstel gevra het.

Ondersoek en insae

Die L&D-rekening beskryf alle bates, eise teen die boedel, hoe spesifieke legats en ook die restant verdeel moet word en hoeveel boedelbelasting daar betaal moet word. Dit is in effek dus 'n opsomming van die hele beredderingsproses. By finalisering daarvan word hierdie rekening by die Meester ingedien. 'n Ondersoekbeampte van die Meester sal nou die rekening nagaan, met inagneming van al die regsvoorskrifte waaraan die eksekuteur moes voldoen het. Indien nodig, sal die Meester verdere inligting of bewyse deur middel van 'n vraelys van die eksekuteur aanvra. Die ondersoekproses neem ongeveer twee tot vier weke.

Sodra die eksekuteur verneem het dat die Meester tevrede met die L&D-rekening is, is hy verplig om die rekening vir minstens 21 dae lank vir belanghebbendes ter insae te laat lê. Dit word gedoen deur 'n kennisgewing in die Staatskoerant en 'n plaaslike koerant te plaas wat aandui waar die rekening, gewoonlik by die naaste landdroskantoor, ter insae beskikbaar is. Enige persoon wat 'n belang by die boedel het kan gedurende hierdie tydperk dan beswaar by die Meester aanteken teen enige aspek van die rekening. Die hele proses van insae duur ongeveer vier weke.

Afhandeling van die boedel

Indien geen besware teen die L&D-rekening geopper is nie, kan die eksekuteur voortgaan om die boedel af te handel. Dit geskied deur die skuldeisers te betaal, die erfposies aan die erfgename te oorhandig, die boedelbelasting oor te betaal en te reël dat vaste eiendom en gelisensieerde roerende bates in die naam van die erfgenaam geregistreer word. Die oordragproses van sulke bates kan soms heelwat tyd in beslag neem omdat ander wetgewing 'n invloed daarop het. Sodra bewyse aan die Meester gelewer is dat die skuldeisers betaal is, die erfgename hulle erfenisse ontvang het en dat die eiendom oorgedra is, is die beredderingsproses afgehandel en word die eksekuteur van sy pligte onthef. Hierdie proses duur sowat twee tot ses weke.

Faktore wat die proses vertraag

Die hele beredderingsproses kan vier tot tien maande neem as alles vlot verloop. Verskeie faktore vertraag egter die proses en dit kan aan die volgende toegeskryf word:

- Daar is geen testament nie;
- Daar is geen eksekuteur benoem nie;
- Daar is uitstaande belasting wat betaal moet word;
- Die waardasies van bates moet deur die Ontvanger goedgekeur word;
- Relevante dokumente is nie beskikbaar nie;
- Daar is 'n kontanttekort in die boedel;
- Sakebelange, soos 'n boerdery, moet gelikwedeer word;

- Eise word betwis;
- Beperkte regte, soos vruggebruik, moet beëindig word;
- Verdragings by die Meester se kantoor.

Die bereddering van 'n boedel neem onvermydelik baie tyd in beslag. Hoe beter die erfopvolgingsplan opgestel is en hoe meer die oorledene vooraf reeds sorg gedra het dat sy erfopvolgingsplan in plek is, hoe minder omslagtig gaan die beredderingsproses wees en hoe gouer kan die boedel afgehandel word.

Hierdie reeks artikels oor erfopvolging gaan binnekort in boekvorm gepubliseer word. Lesers wat in so 'n boek belangstel kan hulle name en kontakbesonderhede nou reeds aan Dr Philip Theunissen verskaf per e-pos by philip@computus.info en per faks of telefoon by (058) 3039640.

BETHLEHEM
Januarie 2005